Saam met die Here op trek

Inleiding

Ons is besig met 'n preek en Bybelstudie reeks: Saam met die Here op trek. Dankie vir elkeen wat saam met ons die vreugde van besig wees met die Here se Woord gedeel het. Ons wil elkeen nooi om een van Maandag of Dinsdag se Bybelstudies oor die volgende gedeelte by te woon. As u hierdie Bybelstudies oor die afgelope week se Bybelstudies. Hier is 'n samevatting van die eerste geleentheid gemis het, wil ons u aanmoedig om in 'n persoonlike Bybelstudie vanuit Efesiërs 4:1-16 te doen om so ook te deel in wat die Here ons leer op hierdie trekpad.

Samevatting van Bybelstudie 1: Efesiërs 4: 1-16

Waarmee is die Here besig?

Hy is besig om sy liggaam te laat groei deur die genade wat Hy gee, nl.
1. Hy gee gawes vir elke gelowige
2. Hy gee spesifieke gawes, soos predikante, ouderlinge en diakens, om elke gelowige toe te rus, sodat hulle hul gawes kan uitleef.

Wat is die einddoel?

Die liggaam moet uiteindelik so volmaak en volwasse soos Christus wees. "Volmaak en volwasse" beteken dat ons eenheid sal hê in ons geloof, en in ons kennis van die Seun van God. Hierdie einddoel word bereik deur elke gelowige wat sy gawes uitleef, daar waar hulle leef en werk -- so maak die liggaam van Christus vir Christus oral in die die lewe sigbaar.

Die realiteit van vandag?

Die realiteit is dat ons nie elkeen ons gawes uitleef binne die liggaam nie, en dat ons nie in liefde by die waarheid bly nie.
Ons eerste reaksie op hierdie realiteit is dat ons 'n eenheid moet word, en dat ons die waarheid moet vind.
Maar die genade is dat Christus ons reeds saam gebind het as eenheid, en dat Hy die waarheid is, wat aan ons geopenbaar is. Daarom...

Wat moet ons doen?

Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle ontvang het. Hoe?
1. Wees nederig, sagmoedig, lankmoedig, en verdra mekaar in liefde
2. Deur ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van vrede.